

## Olga Kirsch: 'n Vreemde boom op hierdie aarde

EBEN VENTER

*Writer*

23 Parkes Street  
Lismore NSW 2480  
Australia

ebenventer@bigpond.com

### Olga Kirsch: A Strange Tree on This Earth

**Abstract:** The article traces the lasting alienation of Olga Kirsch (1927-1994), a Jewish-born South African poet, as represented in her seven volumes of Afrikaans poetry published between 1944 and 1983. Growing up in a devoutly Christian, Afrikaans-speaking rural community, she found herself an outsider. The conditions at home brought little comfort, while the awareness of the racial discrimination which permeated society further contributed to her isolation. Seeking for a *heimat*, she emigrated to Israel at the age of 24. Reading her poetry, it becomes clear that here, too, she remained a stranger, continuing to write and publish in Afrikaans.

**Keywords:** Olga Kirsch; South African literature; Afrikaans literature; Afrikaans poetry; apartheid; alienation; emigration and writing

Met die verhuising van een land na 'n ander gaan baie goed wat jy voorheen *huis* genoem het, verlore: 'n baadjie miskien, of van jou boeke, die herinnering aan die plek waar 'n stoel gestaan het. Ook woorde, maar die kan jy darem nog opsoek, en uiteindelik die idioom, die manier waarop mense 'n bepaalde ding gesê het.

Toe ek so 'n verhuising maak, het ek gesorg dat daar nie uit my boekery die klein skat van Olga Kirsch se tweede digbundel, *Mure van die hart*, verlore gaan nie. Die 37 of wat bladsye van *Mure van die hart* is gedruk op dik papier wat lankal reeds vergeel het; die bundel is immers in 1948 op 'n ouderwetse manier uitgegee deur APB, Afrikaanse Pers Boekhandel.

'n Treurige jaar daardie, ook en veral vir Olga Kirsch, toe apartheid institusie word via wetgewing, reëls en regulasies, naamborde en dwang. Bowenal verstar die denkwyse van mense om haar en Kirsch voel dit sterk aan: "die gedekte tafel wit en net" (Kirsch 1948: 35) sal dekades lank die prerogatief bly vir 'n eksklusiewe minderheid. "Jy wis / dat God die God van blanke kinders is...?" (Kirsch 1948: 35) – gee sy op 'n wrang en ironiese manier uitdrukking aan hierdie treurigheid wat die land, haar land, oorval het.

Olga Kirsch, Afrikaanse digter van Joodse afkoms, is in 1924 in Suid-Afrika gebore en sy sterf in 1997 in Israel. Op vier-en-twintigjarige leeftyd besluit sy om na die nuutgestigte staat van Israel te emigreer. Maar nog voordat sy daardie heimatsoekende besluit maak, lank daarvoor, staan sy reeds as 'n vreemde soort boom op die aarde, om presies te wees, op die dorp van Koppies, 27°14'S 27°35'E, in die noordwestelike deel van die Vrystaat, een van die nege provinsies van die huidige Suid-Afrika.

Dit is geen toeval dat een van die bome wat dikwels in Kirsch se vroeë gedigte voorkom, juis die eucalyptus is nie. Of, soos dit eiegoed gemaak is in Afrikaans, die bloekom. Van die bloekom moet jy dit weet, hy aard goed in die dorre, sondeurdrenkte klimaat van die Vrystaat, maar anders as in sy herkomsland Australië, versuur hy die grond rondom sy stam. Skaap en mens sal op 'n somersdag daar in sy kol-kol skaduwee kan kom skuil, maar niks aard onder die bloekomboom nie.

Die bloekomboom in Suid-Afrika is, om die oud-Saksiese woord te aktiveer: *fremethe*. Hierdie woord beteken vreemd, ook vervreemd, ook: van 'n ander familie. Of in die Jiddish, *oyslendish*, wat letterlik vertaal kan word as "uitlandig" of: nie 'n inboorling nie.

Indien Kirsch se vroeë gedigte gelees word as 'n portret van haar vroegste jare op Koppies, was vreemdheid reeds toe al grein van haar lewe. Om dit so te stel: "One of the fault lines of her make-up."

Haar vader Samuel Kirsch was deel van die groot Joodse migrasie wat aan die einde van die negentiende eeu vanuit Rusland en Oos-Europa begin. Hy kom van Litouë na Suid-Afrika en praat twee vreemde tale (Kirsch 1972: 20). Haar moeder, Eva, is 'n Engelse Jodin. Die dorp Koppies waar Samuel en Eva hulle lewe begin, is egter so Afrikaans soos jy hom kan kry. Olga word daar gebore en as sy groot genoeg is, gaan sy na die Afrikaanse laerskool. Gedurende daardie jare leer sy wel Hebreeus lees en skryf, maar soos sy self jare later in 'n hoorbeeld erken: dit was moeilik en dit het 'n hele paar jaar geneem (Hugo 1994).

Afrikaans bly die taal waarmee sy haar sou vereenselwig. En dit word ook die taal waarin sy haarself as digter sou uitdruk tot en met haar laaste Afrikaanse bundel, al woon sy toe reeds vyf-en-dertig jaar in Israel. Bo en behalwe dat dit

die taal is van die witmense van Koppies, is dit ook by uitstek die taal waarmee daar op 'n raak, gevoelvolle manier uitdrukking gegee kon word aan die vlaktes en wolke, die bome en voëls en die kleur van die aarde van daardie deel van die Vrystaat. Afrikaans as digterstaal, as léwenstaal, is dus 'n bewustelike keuse vir Olga Kirsch. Nóg haar moedertaal, nóg die twee tale waarmee haar vader homself uitdruk, is dienstig genoeg om ingespan te word vir haar digwerk.

“Omdat ek my geskaam het vir jou spraak / Wat in twee vreemde tale vreemd gebly het [...]” skryf Kirsch (1972: 20) oor haar vaderstaal in een van haar vyf vader-sonnette. Sy máák haar taal Afrikaans, al hoor sy ook Engels aan moedersknie.

Hierdie organies-ontstaande en self-opgelegde vreemdheid ten opsigte van haar moeder- en vaderstale word verdiep deur haar vreemde verhouding met beide haar ouers. Die vreemdheid met die twee mense kry elk sy eie aksent in haar werk.

Reeds gedurende die wittebrood van Samuel Kirsch en Eva ontvang Samuel 'n telegram om te sê dat sy besigheid bankrot gespeel het, vertel Kirsch oor 'n gesprek met haar sterwende moeder (Minnaar 2012: 195). Die paartjie haal die eerste trein terug na Koppies en onderhandel met hulle krediteure. Die skuld moes oor 'n aantal jare afbetaal word. Om hierdie verpligting na te kom, en Samuel kry dit verbasend vinnig reg, gaan hy van plaas tot plaas om mielies op te koop en daarmee te spekulêr. Hand aan die ploeg vir Samuel Kirsch, maar vir haar, Olga, beteken dit dat hy 'n skaars vader word. Hier is die digter aan die woord in een van haar vadersonnette:

Omdat jy besig was, min by die huis  
met sonop uit, selde voor donker terug  
en afgemat en afgetrokke tuis  
aan tafel min gesprek en geen gerug  
omdat die stryd om brood jou oë streng  
en ver gestel het, het ek jou skaars leer ken.  
(Kirsch 1972: 20)

Die tyd wat sy wel saam met haar vader deel, soos hulle besoek aan die sinagoge, was kosbaar en laat haar bewend van geluk. In die Christelik-Nasionale denksfeer van die Koppies-gemeenskap moes die liturgie haar as kind op 'n besondere kleurvolle en anderwêreldse manier opgeval het:

Die kantor hef sy stem op, yl en soet  
wierook die lied omhoog. Rooi, geel en blou,  
slaan vlamme uit 'n ruit hom tegemoet –

sou die Voorsienigheid Sy guns weerhou  
 wanneer daar so gesmeek word? En jy vou  
 jou syige gebedsjaal weg en hou  
 jou arm om my en ek staan gedruk  
 vas teen jou knie en bewe van geluk.  
 (Kirsch 1972: 24)

Toe sy twaalf was, sterf haar vader. Gedurende hulle kort lewe saam was hy te werksgedrewe en afsydig om die soort pa te wees waaraan Olga kon vashou. Maar juis die en ander eienskappe gee haar stof om mee te werk. Sy fisieke manlikheid, die spiere van sy nek en sy forse skouers, val haar op. Dit streef haar, hierdie krag van hom as man, maar lei op 'n ontroerende manier ook tot 'n openbaring:

[...] ek aanskou  
 jou ronde bo-arm, bleek en bloot en sag  
 en ek begryp hoe listig is die dood  
 en trane het gemengel met my brood.  
 (Kirsch 1972: 23)

Nóg dié verganklike skoonheid, nóg die sentimentaliteit van haar vader kon sy saamneem; 'he was a very sentimental man,' sê Olga se moeder op 'n slag aan haar in 'n gesprek (Minnaar 2012: 159). Maar wat sy wel kon byhou, en wat haar trouens as bepaalde politieke wese boetseer, was Samuel Kirsch se sosialistiese denkrigting. Reeds in Litoue met die opmars van anti-Semitisme het haar vader forse weerstand gebied.<sup>1</sup> En in die distrik van Koppies, te midde van 'n rassitiese, landelike gemeenskap, kon hy hoogstens as 'n soort binne-buitestaander regkom. En dit is juis met die vreemdelingskap van haar vader waarmee Olga (1972) identifiseer:

[jy] kon jou soms siek hunker na die verre  
 waarheen geen terugkeer was.  
 Hoe weet ek dit?  
 Het ek nie daardie swerftog voortgesit?  
 (Kirsch 1972: 22)

Intussen, voordat Kirsch haar sou gaan vestig op Rehovot in Israel, is dit die vreemde dogter-moederverhouding waarmee sy moes klaarkom én werk. As dogter en as mens wou Olga Kirsch behoort, sy wou vasgehou word, sy wou

<sup>1</sup> Volgens Rochl (oftewel Rachel) Kirsch-Holtman, 'n tante aan vaderskant (Minnaar 2012: 70).

vertrou en vertrou word, maar hierdie menslik, al te menslike hunkeringe het slegs in haar gedigte tot uitdrukking gekom. Vrugbare stof inderdaad, maar in haar lewe sou dit onvervulde hunkeringe bly. Die spoor van onvervuldheid loop terug tot by haar moeder se eie kinderjare; Kirsch (1982) verwys daarna as “jare van liefdeloosheid” wat ‘n “barre kontrei” in die hart van haar moeder agtergelaat het. “Gulle liefdesvertoon” was dus vir haar eenvoudig buite die kwessie.<sup>2</sup>

Eers aan die einde van haar moeder se lewe begin die tasbare troosteloosheid wegsyfer. En die dogter wat haar moeder uit verset gehoorsaam het, wat die verset só uitgeleef het

Aan jou opdragte het ek voldoen,  
ek het jou met agting bejeën  
maar my gedagtes  
het ek vir jou verswyg,  
(Kirsch 1982: 24)

het nou met haar moeder begin praat. En haar moeder met haar.

Die onderlinge deernis tussen haar en haar moeder kom egter baie laat in haar lewe. Op ‘n sosiale vlak hoop Kirsch om deernis met ander mense, met mense anders as jyself, te gaan beleef in die nuutgevormde staat van Israel. Om in ‘n staat te woon en te werk waar daar omgesien word na almal, waar dit gaan om menswaardigheid en die verspreiding van welsyn onder al die mense – die stel beginsels word deel van haar sosiale bewussyn via haar vader, soos reeds genoem, maar ook via haar tante Rochl Kirsch-Holtman. Tante Rochl het lank in die V.S.A. en die Sowjetunie gebly het en as verslaggewer vir sosialistiese en kommunistiese vrouepublikasies in die V.S.A. gewerk.

In haar Jiddisje outobiografie, *Mayn Lebns-Veg*, skryf Rochl Kirsch-Holtman oor haar broer Samuel, en iets van die Kirsch-familie se radikale ingesteldheid kom nogmaals na vore:

My broer het ‘n radikale mens gebly. Toe hulle in 1905 in Litoue met ‘n pogrom wou begin, was hy een van diegene wat die ‘somoborona’ (of selfverdedigingseenheid) gestig en die gewere by hom in die huis gehou het. Hiermee het my moeder hom gehelp. Sy was ook nie een van daardie soort mense wat sommer ‘n klap van ‘n boefagtige anti-Semiet sou vat sonder om haarself te verdedig nie. (Minnaar 2012: 71)

<sup>2</sup> Beklemtoonde woorde uit gedigte in Kirsch 1982.

Kirsch se geërfde en eie sosialistiese ingesteldheid is verwickeld met 'n rits ander faktore wat maak dat sy emigreer, dat sy kán emigreer, en dan juis na die staat van Israel.

Nieteenstaande haar opposisie teen die ras-eksklusiewe, post-1948 bestel in Suid-Afrika, was sy as lid van die wit gemeenskap outomaties deel van die bevoorregte klas. Sy het geld gehad, haar passaat na Israel het sy met die opbrengs van *Mure van die hart* gekoop, en selfs as sy nie geld gehad het nie, het sy ten minste toegang daartoe gehad. Selfs om 'n digbundel aan een van die Afrikaanse uitgewers voor te kon lê én die verwagting te koester dat hulle dit sou uitgee, moet by terugskouing as 'n voorreg beskou word wat byna uitsluitlik vir die witmense beskore was.

'n Tweede en belangrike faktor wat maak dat sy padgee uit Suid-Afrika, was haar Joodse bloedlyn via haar moeder, haar familie se deelname aan die Joodse diaspora van die laat negentiende en vroeë twintigste eeu en haar identifikasie met die Judaïsme: Israel word die verstekkeuse as emigrasie-bestemming.

Kirsch se identifikasie met die Judaïsme moet egter nie oorbeklemtoon word nie. Goed, sonder die Ou Testament gaan jy beswaarlik 'n greep kry op 'n gedig soos "Die Uttog."

Slag gou die lam, bring ongesuurde brood  
 En bitter kruie. Eet gejaagd, want ek  
 En jul wat van my bloed is moet vertrek  
 Van hier vanaand...  
 (Kirsch 1948: 17)

Dis moeilik om die sentimente in die gedig: die uitvlug van die tot-slawe-gedoemde Israeliete uit Egipte deur diesulkes, en slegs sulkes wat dieselfde bloed deel, te verbind met 'n hedendaagse digter sonder 'n ruim skepsel ekstreme godsdienstigheid. Kirsch het weliswaar as dogtertjie langs haar vader se syige sjaal in die sinagoge gestaan met die beurtsang van die kantor in haar ore, en tog het sy haar nooit tot die Judaïsme bekeer nie. Sy het haar nader aan die natuur gevoel, aan die stam van 'n bloekomboom byvoorbeeld, as aan die magtige, alles-oorheersende, alles-eisende Jahweh van die Ou Testament. Só onaantasbaar, so volkome onpeilbaar dat selfs Sy naam sonder vokale gespel moes word en as sodanig onuitspreekbaar sou bly.

Dis ook hoogs te betwyfel of Kirsch die huidige status van die Beloofde Land sou onderskryf. Haar soeke na 'n deernisvolle gemeenskap strook beswaarlik met die okkupasie, die voortgesette ekspansionisme en die ekstreem regse nasionalisme van Israel. 'n Onderhoud met Kirsch se kleinseun, Yahav Zohar, 'n linkse aktivis in Israel, in Minnaar se studie, onderskryf die aanname (Minnaar 2012: 74).

Miskien sou Kirsch by nabetrugting eerder wou saamgaan met die oortuiging dat die Joodse diaspora 'n godgegewe was, 'n *tsakah*, sodat die wáre Joodse etos van mededeelsaamheid en verdraagsaamheid, van *mitzvoah*, die wêreld ingedra kon word.

'n Laaste faktor wat Kirsch die pad laat vat, lê op 'n dieper vlak en nader aan die kern van die merkwaardig-komplekse mens. Olga Kirsch wou behoort: aan 'n oortuiging, 'n gemeenskap en 'n taal, en ten slotte aan haarself.

Op Koppies Laerskool wou sy deel wees van die klomp boerekinders, maar hoe kon sy dit heeltemal regkry as Joodse kind met Engels as moedertaal? Vir haar hoërskool opvoeding gaan sy na 'n uitsoekskool, Eunice Girls' High in Bloemfontein, hoofstad van die Vrystaat. Maar hoe moet sy daar inskakel as die Joods-Afrikaanse meisie van Koppies met haar gitswart hare, haar irisse soos lopende, swart olie en haar gebeitelde neus? Op die oorwegend Engelse Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg met 'n weliswaar lewendige Afrikaans-Nederlandse departement, sedertdien tot niet, kies sy Afrikaanse letterkunde as studierigting. En toe sy eindelijk in Rehovot, Israel te lande kom, laat hierdie konkrete poging tot tuiskoms en insluiting haar hoogs ontnugterd.

"Vreemd" is die woord wat telkens deur haar gebruik word ten opsigte van hierdie nuwe tuiskoms. Sy loop op straat met haar kinders, praat met haar oudste dogter Engels en word dan toegesnou: "Hoe kan jy met jou kind Engels praat, praat lewriet (Hebreeus)" (Hugo 1994). Die noodsaak om moderne Hebreeus as 'n lewende taal te vestig, het gemaak dat alle ander tale en letterkundes, insluitende Jiddish, ontmoedig is. En daar sit Olga in haar eie huis wat nie haar huis is: "In dié gehuurde huis besit ek niks," (Kirsch 1978: 18) en skryf gedigte in 'n taal wat niemand om haar verstaan nie, nie eers haar man of haar twee dogters nie.

Dat sy in Afrikaans skryf en daarin bly skryf selfs nadat sy in Israel begin bly het, is 'n opsetlike keuse om die lewe wat sy in haar poësie onthul, vir altyd weg te hou van die mense om haar, en veral haar naastes. Sy poog dus om daardie geborgenheid, die "belonging," wat haar ontwyk het gedurende haar grootword-jare, moet nie vergeet dat sy altyd net buite die innige liefdeskring van vader-dogter en moeder-dogter gestaan het nie – in die taal van Afrikaans te vind, voor en na haar aankoms in Israel. Dit is 'n poging om die "belonging" self te verwesenlik in en deur haar poësie, wat slegs vir haar en die Afrikaanse lesers ver weg aan die onderpunt van Afrika betekenis sou dra.

Maar reik dit? Is dit moontlik om daardie reikhalssende verlange om te behoort te sublimeer deur die bewustelike keuse van 'n taal en die skrywe van poësie in daardie taal? Waarskynlik het dit Kirsch se troosteloosheid net nog verder verdiep. In die bundel *Geil gebied* skryf sy 'n gedig wat eintlik gaan oor die potensiële leemte tussen die spreker en metgesel, maar dit pas net sowel by Kirsch se bedenklike digterstatus in daardie vreemde en vervreemdende land waarin sy gaan woon het:

Jy is my donker wortels in die swaar-  
 Deurdringbare grond van 'n aangename land.  
 Sonder jou is ek 'n uitheemse plant  
 Wat nêrens meer kan aard nie.  
 (Kirsch 1976: 30)

En die kille gevoel van die titel van haar 1978 bundel: *Oorwinteraars in die vreemde*, onderstreep nogmaals die durende ongeborgtheid.

Daar was innigheid, daar was vreugde en liefde. Daar was ook aanraking en uitreiking. Uit haar gedigte kom Olga Kirsch oor as 'n mens wat op 'n verfynde manier ingestel was op die visuele, die ouditiewe en die taktiele. Mooi én eroties skryf sy oor die herontdekking van mekaar se lyflike selwe deur 'n man en 'n vrou na baie jare van kinderversorging en kinderkommernis:

Skielik is dit 'n afgemaakte taak  
 In leë kamers sien hulle mekaar weer raak –  
 Vergete rykdom. Albei het diep gely,  
 Veel prysgegee en baie bygekry.  
 In die stil huis ontdek hul weer mekaar  
 Soos, in 'n veraf tuin, die eerste paar.  
 (Kirsch 1983b: 377)

Uit haar eie kinders se speletjies en doenighede, of die klompie opgekrul as slapende wesens, put sy groot vreugde. Hulle verbeeldingryke vlugte van “ruimtevaarders wat neerstryk van ver,” (Kirsch 1983a: 34) wat grootmensgedagtes te bowe gaan, bied haar *nachas*. Hierdie Jiddisje woord beskryf 'n persoon wat 'n geliefde dophou besig met dit of dat, merk hoeveel genot dit bring en dan op haar beurt 'n ryk gevoel van vreugde en bevrediging daaruit put. Kirsch se kinders bied haar daardie *nachas* en sy lê dit weer en weer in haar gedigte vas.

Deur haar gedigte knoop sy ook 'n innige band met die natuur. Die vlaktes rondom Koppies, die kleur van die grond daarso, die bloekombome en die vinke met hulle vernuftig geweefde neste, vir hierdie rykdomme het sy die ekspressiewe, aardse taal van Afrikaans om daaraan uitdrukking te gee. En sy doen dit ontroerend mooi.

Daar is 'n aanwesigheid in hierdie natuurgebonde gedigte, 'n aankoms in die hier en nou. Asof die lang reis op soek na geborgtheid uiteindelik verby is (Kirsch 1964).

Ek verlang al so lank na die aarde,  
 Waarom het ek so lank versuim?<sup>3</sup>

<sup>3</sup> Uit die siklus “Naweek op die Vlakte” wat in 1946 in *Ons eie boek* 12(1), Desember: 2-3 verskyn.



Hierdie aanwesigheid, hoogs sensueel, kom ook in haar persoonlike en besonder intieme gedigte voor.

Voordat ons inslaap, lê ons soms sy aan sy  
Arms om mekaar, hoof op 'n skouer gestut  
En fluister vaak oor alles en niks of dut  
En skrik weer op, dut weer...  
(Kirsch 1983a: 9)

Maar dan altyd, en stéurend, van elders of vanuit die verlede, of voor haar in die toekoms, tree daar dinge na vore wat haar uit die voorreg van die onmiddellike wil ruk. En sy sluit die lyflik-intieme gedig hierbo soos volg af:

So tregter nag ons in sy donker kolk  
Totdat ons, tussen lettergrepe, gly  
Na afgronde waar slaap en droom ons skei.  
(Kirsch 1983a: 9)

Hier gebeur dit weer. Sy bewonder nog die manlike sensualiteit van haar vader, maar dan word dit skielik 'n sneller vir die naderende skim van die dood. En ek haal hierdie slag dié betekenisvolle gedig volledig aan:

Jy was nie hoog, maar jy was sterk gebou,  
die oopkraaghemp gespanne oor jou bors,  
die spiere van jou nek en skouers fors  
en oefening het jou liggaam strak gehou.

Jou hare het vergrys, maar helderblou  
en wakker was jou aanblik en jou stap  
saans by jou tuiskoms seker op die trap  
soos van 'n man wat op homself vertrou

Vir my was jy die bron van alle krag.  
Een somerdag aan tafel skuif die mou  
hoog oor jou sonbruin vel en ek aanskou  
jou ronde bo-arm, bleek en bloot en sag  
en ek begryp hoe listig is die dood  
en trane het gemengel met my brood.  
(Kirsch 1972: 23)

Dit maak nie saak in welke mate Kirsch soms kan versmelt met die natuur of die liggaamlike nie, uiteindelik is sy, nogmaals, sonder enigets of enigiemand:

[...] maar mens ontwaak so onbereid:  
 naak soos 'n afgestroopte bloekombas.  
 (Kirsch 1946: 2)

Selfs haar geliefde digterstaal moet sy aflê. Die 1983 bundel, *Ruie tuin*, sal haar laaste wees in Afrikaans. Dit is bitter vir haar om dit te sê, om haarself sover te bring om dit uit te spreek. Die groot leemte het nogmaals teruggekeer:

Toe ek besig was om *Ruie tuin* saam te stel, het ek besluit dat ek nie meer in Afrikaans sou skryf nie, dat dit nou vir my te moeilik geword het om Afrikaans gaande te hou en dat ek eenvoudig sal ophou en dat ek sal probeer om in Ingels [sic] te skryf. En dit is wat ek gedoen het. Dit was vir my baie moeilik. En ek het maande lank baie ongemaklik gevoel. Asof ek iets verloor het. (Hugo 1994)

Die vaarwel aan haar geliefde skeppingstaal is nie net 'n bewuste keuse nie. Die juiste Afrikaanse woord en die raakvat idioom het haar na soveel jare in die vreemde begin ontwyk. "Ook die jongste bundel (dit is *Ruie tuin*) toon heelwat spore van 'n taalongemak, en die blote 'uit voeling wees' met nie alleen die eietydse idioom nie, maar ook met watter moontlikhede nog binne die poëtiese register 'oop' is en watter nie" (Müller 1984: 35).

Op 'n keer in gesprek met die digter C.M. van den Heever wat haar in Rehovot kom besoek het, verval sy in 'n stilte. Op daardie oomblik was Kirsch letterlik nie meer in staat om haar in Afrikaans uit te druk nie. Soos 'n kind met 'n fantastiese verbeelding was sy toegelaat om te speel in die ruie tuin van Afrikaans. En sy hét. Sy het woorde gaan oes en nuwes bygemaak. By tye het sy haarself selfs toegelaat om onbevangte te speel. Maar

aanstons word dit kil  
 en donker, bring hul ons binne teen ons wil.  
 (Kirsch 1983a: 43)

Dit wás inderdaad teen haar diepste wil, hierdie hartverskeurende aflegging van Afrikaans waarin sy tog, tóg, geborgenheid gevind het. In die slotgedig in *Ruie tuin*, bloot getiteld: "Gedig," praat sy so aangrypend oor die warmte wat die gedig, en by implikasie die taal, haar gebied het. En dan die laat-staan daarvan. Sy het gedoen wat sy kon. Haar taak met die gedig én as Afrikaanse digter, hoe sielpynigend dit ookal mag wees, is volbring.

Ek koester jou warmte vir laas nog tussen my hande.  
Jy is volgroei, het nie langer behoefte aan my.  
Mooi of mismaak, niks meer kan ek aan jou verander.  
Ek loods jou lug in om alleen die deining te ry.  
(Kirsch 1983a: 21)

In 1997 sterf Olga Kirsch aan 'n kwaadaardige bringewas in Rehovot. By nabetragting van haar lewe en werk kom die gedig, *Late Fragment*, van die Amerikaanse digter en kortverhaalskrywer, Raymond Carver, in my gedagtes op:

And did you get what  
You wanted from this life, even so?  
I did.  
And what did you want?  
To call myself beloved, to feel myself  
Beloved on the earth.  
(Carver 1996: 294)

Terwyl ek daardie vergeelde bundel, *Mure van die hart*, in my hande hou en dink oor die vraag aanwesig in die Carver-gedig, sou ek sê dat Olga Kirsch wel daarin geslaag het om haar geliefd te maak. Soos die bloekomboom wat op vreemde aarde groei en op sy manier goed doen, skadu maak vir pootuit diere én skoonheid gee vir die wat dit wil raaksien, het Kirsch eerlik, seer, met grootse openhartigheid, by tye verstote, maar altyd dapper en altyd deernisvol gedigte bly skep totdat sy geweet het sy het gedoen wat sy kon. En moes. En aan die einde van haar lewe en digwerk was sy weereens, en miskien soos sy altyd was, en soos ons almal moet weet ons gaan wees, op haar eie.

Ek sien die bloekom in die oggend staan  
so stil en statig, en so onbewus  
van al wat menseharte ondergaan  
wat soek na sekerheid, na doel, na rus.

Ek sal my teen die blanke stamme druk,  
die slankes, stygend fier tot lig daarbo,  
tot ek weer my lyf voel pols en ruk  
die lewensdoel, weer in myself kan glo.  
(Kirsch 1944: 6)

## Bibliografie

- Carver, Raymond. 1996. *All of Us*. The collected poems. New York: Vintage Books.
- Hugo, Daniel. 1994. *Olga Kirsch: Digteres van die Son*. Johannesburg: Afrikaanse Radiodiens van die SAUK/SABC.
- Kirsch, Olga. 1944. *Die soeklig*. Pretoria: J.L. van Schaik
- \_\_\_\_\_. 1948. *Mure van die Hart*. Johannesburg: APB.
- \_\_\_\_\_. 1946. "Naweek op die Vlakte." *Ons eie boek*. 12 (1), Maart: 2-3.
- \_\_\_\_\_. 1972. *Negentien gedigte*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- \_\_\_\_\_. 1976. *Geil gebied*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- \_\_\_\_\_. 1978. *Oorwinterraars in die vreemde*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- \_\_\_\_\_. 1982. *Afskeide*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- \_\_\_\_\_. 1983a. *Ruie tuin*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- \_\_\_\_\_. 1983b. "Huwelijk." *Groot verseboek*. D.J. Opperman. Kaapstad: Tafelberg. 377.
- Minnaar, W.F.T. 2012. "'n Herwaardering van Olga Kirsch se oeuvre: Identiteit, moederskap en ballingskap aan die hand van die psigoanalitiese teorieë van Sigmund Freud, Jacques Lacan en Julia Kristeva." Diss. Universiteit van Kaapstad.
- Muller, H.C.T. 1984. "Nie haar beste poësie nie." *Buurman*. Februarie: 35-36.
- Opperman, D. J. 1983. *Groot verseboek*. Kaapstad: Tafelberg.